www.xtrapapers.com

IB DIPLOMA PROGRAMME
PROGRAMME DU DIPLÔME DU BI
PROGRAMA DEL DIPLOMA DEL BI

N05/2/ABAFR/HP1/AFR/TZ0/XX/T

88052202

**AFRIKAANS B – HIGHER LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS B – NIVEAU SUPÉRIEUR – ÉPREUVE 1**
**AFRIKÁANS B – NIVEL SUPERIOR – PRUEBA 1**

Thursday 3 November 2005 (morning)
Jeudi 3 novembre 2005 (matin)
Jueves 3 de noviembre de 2005 (mañana)

1 h 30 m

---

TEXT BOOKLET – INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this booklet until instructed to do so.
- This booklet contains all of the texts required for Paper 1.
- Answer the questions in the Question and Answer Booklet provided.

LIVRET DE TEXTES – INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas ce livret avant d'y être autorisé(e).
- Ce livret contient tous les textes nécessaires à l'épreuve 1.
- Répondez à toutes les questions dans le livret de questions et réponses fourni.

CUADERNO DE TEXTOS – INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra este cuaderno hasta que se lo autoricen.
- Este cuaderno contiene todos los textos para la Prueba 1.
- Conteste todas las preguntas en el cuaderno de preguntas y respuestas.

www.xtrapapers.com



**TEKS A**

# GEBARETAAL



# PRAAT NET SO HARD

❶ Wanneer vier twintigplussers saam voor die kamera beland, tuit jou ore gewoonlik van die gesels en gelag. Hierdie keer is dit anders. Die twee vroue kan hoor, maar die twee mans is doof gebore. Wanneer hulle nie voor die kameras is nie, klets die klomp te lekker, maar alles in gebaretaal. Nonhlanhla Gono en David Senahle is duidelik verlief. Shanelle en Christopher Diab is al vier jaar lank getroud.

❷ By die fotosessie besef ek hoe moeilik dit is om met dowes te kommunikeer as jy nie daaraan gewoond is nie. As jy iemand ontmoet, help woorde jou gewoonlik om 'n maklike ruimte te skep. As jy nie dowes se eerste taal - gebaretaal - kan praat nie, kan jy jou nie voorstel of vra hoe dit gaan nie. As jy nie seker is of die dowe jou taal goed kan liplees nie, is 'n vriendelike glimlag al manier van kommunikeer.

❸ Gebaretaaltolke is die skakel tussen die dowe en horende wêreld. Min mense weet dat dit 'n goeie beroepsrigting is, veral in Suid-Afrika waar tolke skaars is en politieke korrektheid vereis dat

www.xtrapapers.com



daar by kongresse en ander vorms van gesprekvoering, asook op TV, vir dowes getolk word.

❹ Shanelle en Nonhlanhla is albei gebaretaaltolke. Nonhlanhla volg 'n kursus in gebaretaal aan die Universiteit van die Witwatersrand, maar Shanelle het dit in haar omgang met dowes aangeleer.

❺ Die twee vroue het albei rolle in *@Jozi*, 'n D-tv-drama. Dis 'n verhaal vol intrige wat temas soos dwelmverslawing en roem aanraak - alles in gebaretaal. Dowes en hardhorendes is die teikengehoor, maar vir die horende kykers is daar onderskrifte.

❻ Nonhlanhla het David ontmoet toe hy by 'n gebaretaalklas by Wits vir 'n vriend, die onderwyser, kom kuier het. Sy was dadelik verlief op hom. "Dit was wonderlik dat hy die selfvertroue gehad het om met 'n horende meisie te gesels."

❼ Om 'n gebaretaaltolk te wees, is moeiliker as wat dit lyk. Die gebare is nie internasionaal eenvormig nie. Mense uit verskillende streke van die land het verskillende 'dialekte' sodat 'n dowe van Johannesburg iemand van Durban dalk moeilik verstaan. Tolke weet selde vooraf waarvandaan hulle kliënte kom.

❽ Mense besef ook nie hoeveel energie tolkwerk vereis nie, sê Louise van Niekerk, die vervaardiger van D-tv (Dowe TV). "'n Tolk moet albei partye se emosies weergee en uit die vuis kan dink. Daar is nie 'n teken vir elke woord nie, dus moet daar gedurig 'n verwysingsraamwerk geskep word."

❾ "Daar moet nog baie gedoen word om mense doofbewus te maak", sê Shanelle. "Baie mense dink dowes kan nie motor bestuur, trou, of kinders hê nie. Hulle moet ook leer dat mense wat nie kan hoor nie, wel kan dink."





www.xtrapapers.com



**TEKS B**

# GM–voedsel

## *kos vir Afrika?*

Is biotegnologie die antwoord op die wêreld se groeiende voedseltekort? Of word niksvermoedende verbruikers se kos "vergiftig"?

Kobus Lindeque, besturende direkteur van Monsanto Sub-Sahara, gebruik 'n appel wanneer hy verduidelik hoe min aarde oor is vir landbou. Soveel van die aarde is toe onder water, beduie hy terwyl hy meer as driekwart van die appel wegskil. Die oorblywende kwart deel hy weer in kwarte. Hierdie skyfie is woestyn, hierdie een stede en die derde is Poolgebiede. Hy trek die velletjie van die laaste kwart af. Dis wat oor is om te bewerk om kos vir die meer as ses miljard mense op die aarde te produseer. Teen 2025 word die wêreldbevolking op ag miljard beraam en die landbougrond al minder.






Monsanto is 'n verskaffer van landbouprodukte en 'n ywerige kampvegter vir biotegnologie as die enigste oplossing vir Afrika se voedsel- en omgewingsprobleme. In die ontwikkelende lande is daar talle produksieprobleme soos waterskaarste, erosie, laer oesopbrengste weens uitputting van die grond, plae en siektes. Verder kos bemesting twee tot drie maal soveel in Afrika, suid van die Sahara, as in Asië weens die primitiewe vervoerstelsel. Die aantal kleinboere neem af en mense gaan soek liewer hul heil in stede as om op uitgeputte grond te probeer boer.

www.xtrapapers.com





Afrika kan nie anders as om biotegnologie te gebruik om sy mense te voed nie. ‘n Etiese kwessie is wel of Afrika die res van die wêreld se proefkonyn is. Die ontwikkelde wêreld is baie gretig om GM-voedselhulp aan Derdewêreld-lande aan te bied, terwyl sy eie koerantopskrifte waarskuwings skree teen die sogenaamde monsterkos.

Dr. Jennifer Thomson van die Universiteit van Kaapstad is een van Suid-Afrika se voorste kenners van biotegnologie. Sy dien dadelik die gewilde, maar ongegronde gerugte een vir een die nekslag toe, soos dat GM-voedsel inherent allergenies en skadelik vir die mens is.

“Daar is geen bewyse hoegenaamd dat hierdie voedsel verskil van die ‘normale’ voedsel wat allergeniese potensiaal betref nie. Talle van die gene wat gebruik word, kom natuurlik in plante voor, of in die virusse wat hulle infekteer. Dit beteken die mens is al jare lank daaraan blootgestel.”

Die toekoms van biotegnologie beloof antwoorde op baie van die mensdom se probleme. Volgens Monsanto sal GM-voedsel binne die volgende vyf jaar entstowwe teen gevreesde siektes soos E.coli, hepatitis B en cholera bevat. Maar nog steeds wil die wêreld nie byt nie.

MONSANTO

www.xtrapapers.com



**TEKS C**

# Mejuffrou Matraskop*

❶ Gwendolien is kwaad. Sy was in haar lewe nog nooit so kwaad soos nou nie. Sy loop al op die rand van die teerpad en probeer die fiets regop hou. Dis haar broer se fiets, en dit is groot en swaar. Aan elke handvatsel hang 'n paar winkelsakke vol kruideniersware. Ghhhhh!! blaas sy van kwaadgeit. Dis altyd sy, Gwendolien, wat dorp toe moet gaan. Sy is siek en sat daarvoor. Dit is nou die einde. Die fiets word al hoe swaarder, die bult al hoe steiler.

❷ Toe sy by die winkel uitgekom het, was die agterwiel pap. Hoekom kon Justin nie die inkopies gedoen het nie? Hy is vyf jaar ouer as sy en sou die fiets en die winkelsakke een-twee-drie kon stoot. Wat was die "belangrike" sake wat hy moes doen? En Jasmin, daai oudste suster van haar wat net heeldag op haar bed lê en tydskrifte deurblaai? Sy is te veel van 'n lady om met 'n fiets dorp toe te ry! Haar ma was besig met die baba en toe is Gwendolien-doen-dit-maar-gou weer in die werk gesteek.

❸ Die opdraande word steiler. Sy moet hou so al wat sy kan om die fiets in die pad te hou. En dan kom die motors nog van agter af en jaag so naby aan haar verby sodat dit voel asof hulle haar met fiets en al gaan saamsleep. Hoe moeër sy word, hoe kwater word sy. Nooit weer gaan sy dorp toe vir inkopies nie, nóóit weer nie.

❹ Die pad is warm onder haar kaal voete. Haar hare kom los uit die stywe vlegsels. Dit begin in slierte op haar voorkop vasplak. Dis die gedagte aan haar hare wat haar oë skielik laat brand van die trane. Maar sy sal nie huil nie. Al sien almal vandag vir Gwendolien Joseph langs die pad met haar broer se fiets sukkel, sal hulle haar nie sien huil nie.

❺ Sy byt op haar tande om die trane te keer. Sy weet dat haar hare, waarmee sy vanoggend so gesukkel het om netjies vasgevleg te kry, nou in alle rigtings om haar kop staan. "Mejuffrou Matraskop*" terg hulle haar altyd by die skool. Daardie simpel Benjamin Petoors het eendag selfs gesê sy lyk soos 'n ontploffing in 'n matrasfabriek. Dit maak seer, bitter seer! Sy kan haar hare maar probeer vasmaak en vleg soos sy wil, niks help nie. Nie eers die haarolie wat sy skelmpies aangesmeer het nie.

❻ Daar kom weer 'n motor van agter aangery. Dit swiep verby. Haar oë is nog op die motor toe sy skielik 'n skerp brand-pyn in haar voet voel. Sy kyk af. Haar groottoon is bloederig. Sy het voluit in 'n yslike klip geloop wat in die pad lê. "Eina, eina!" kreun sy en probeer om die fiets stadig te laat sak. Dit gly egter uit haar hande en val. Sy hurk en gryp haar voet vas.

❼ En toe huil Gwendolien. Nie net van die seer nie, maar omdat sy kwaad en moeg gesukkel is. En sommer ook omdat sy wilde bossiehare het wat om haar kop staan en omdat sy lelik is. Sy huil. Plat op die grond gaan sy sit en hou haar voet vas. Sy kyk na die fiets. Dit lyk asof iets in een van die sakke gebreek en uitgeloop het. Sy spring op. Dis die kartonnetjie melk wat oopgebars het. Vinnig haal sy dit uit en pak ook die ander goed uit sodat dit nie nog natter word nie. Die tydskrif wat onder in die sak is, is die natste. Sy probeer dit droogskud. Mejuffrou Suid-Afrika het melktrane oor haar hele gesig, maar haar oë vonkel en sy glimlag breed met spierwit tande vir Gwendolien. Sy is pragtig.

❽ Gwendolien kyk met groter aandag na die tydskrif en die opskrif op die buiteblad. "Amy Kleinhans, ons trefferskoonheid - nog foto's op bl.12." Een foto laat Gwendolien se oë rek. Dit is 'n foto van Amy toe sy nog 'n skoolmeisie was. 'n Mens kan sien dat sy toe al mooi was, maar dit is nie wat Gwendolien laat kyk en weer laat kyk nie. Op die foto lyk die mooiste meisie in Suid-Afrika se hare net soos Gwendolien s'n as sy soggens in die spieël kyk! Sy blaai weer na die voorblad. Sy sien die vriendelike glimlag en die pragtige bos hare wat haar gesig omraam.

www.xtrapapers.com



❾ Gwendolien se ma wag haar by die huis se hekkie in. “Waar was jy? Ek was al so bekommerd!” Toe sien sy die fiets se pap wiel en haar bloedbesmeerde voet. “Het jy seergekry?” “Nee, Mamma,” sê sy, “ek het nie só seergekry nie. Ek is laat omdat die wiel pap is.” En toe sien sy Gwendolien se gesig. Sy het haar vlegsels heeltemal losgemaak en met die kammetjies van haar gesig af weggesteek. Dit staan soos ‘n donker wolk om haar gesig. Maar dit is nie al wat sy sien nie. Sy sien Gwendolien se vriendelike gesig en die vonkel in haar oë. “Wanneer het my klein meisiekind só groot en só mooi geword?” wonder sy.

❿ Gwendolien stap verby haar ma, sit die fiets teen die muur neer en loop reguit na haar broer toe waar hy by die kombuistafel sit en koffie drink. “Jy moet dorp toe gaan om melk te koop, Justin” “En hoekom het jy dit nie gedoen nie?” vra hy. “Omdat ‘n toekomstige Mejuffrou Suid-Afrika belangriker dinge het om te doen,” antwoord sy en loop badkamer toe om pleister vir haar toon te kry. En om na haarself in die spieël te kyk.

---

* Matraskop: Her hair was like coir from which mattresses were once made.

www.xtrapapers.com



**TEKS D**

# RIEMVASMAAK

## reik net uit na vreedsame mense

Talle verrassings wag op besoekers wat Riemvasmaak wil besoek. Maar voordat jy iets van die vrede kan ervaar wat dié woestyn-wêreld jou wil gee, moet jy eers stil wees in jou eie gemoed. Gebruik dus jou tyd en volg die sanderige grootpad van Kakamas af tot op die plaas, Biesjespoort. Klim daar hoog teen een van die baie klipkoppe uit. Gaan sit op een van die hoë rotse totdat die stilte rondom jou voelbaar word. Eers dan sal Riemvasmaak met jou praat. Eers dan sal jy die geroep van die kransduiwe hoor eggo van die kranse af, of die sonlig sien flits op die vlerke van 'n berghaan wat honderde meters bo die landskap sweef.

Deeglike beplanning is nodig om dié besonderse ervaring werklik te geniet. 'n Gesinsmotor is nie die ideale ryding op hierdie paaie nie. Daar is drie goed beplande 4x4-roetes waar deeglike bestuursvernuf nodig is om die uitdagings te trotseer. Die rots-tekeninge op die Perdepoortroete is beslis 'n besoek werd. Daar is ook drie slim uitgewerkte staproetes wat wissel van maklik tot taamlik moeilik.



Verblyf is beskikbaar in twee pragtige kliphutte met agt beddens elk en twee hutte met vier beddens elk. Die hutte is op hoë uitkykpunte gebou en bied 'n fantastiese uitsig oor die granietlandskap. Elke hut het 'n klein kombuisie, toilet en kouewaterstort, wasbak en braaigeriewe. Besoekers moet hul eie drinkwater bring - minstens vier liter per persoon per dag. Aan die voet van 'n 80m hoë granietkrans, reg by 'n natuurlike warmwaterbron, is 'n oornaghut waar groot skoolgroepe kan oornag na 'n dag van klim en klouter en ontdek.

Net soos alle ander besoekers moet leerders ten volle selfversorgend wees. Dit sluit die volgende in: kos, drinkgoed, kombuisgereedskap en eetgerei, hout, toiletware, sonbrandmiddels, insekwerende middels, mediese toerusting (waaronder antihistamientablette), slaapsakke en brandstof vir voertuie.

Die kenmerkende flora en fauna van die streek is volop - van die statige kameeldoring wat skadu bied aan mens en dier, tot die immergroen wildevy. As dit gereën het, is die wêreld 'n lappieskombers van blommeweelde in alle kleure en geure. Klein diertjies soos dassies en akkedisse is volop. Klipspringers, steenbokkies, koedoes en groot troppe bobbejane kan soms gesien word.

Begin nou beplan aan 'n onvergeetlike ervaring. Riemvasmaak sal hierna altyd in jou bloed lê.

